

HOE OM GESERTIFISEER TE WORD EN VERGOEDING VIR SILIKOSE OF TB TE EIS

As u aan silikose of TB ly en by 'n myn werk of gewerk het, kan u dalk daarop geregtig wees om vergoeding te eis. Hierdie dokument verduidelik wat u moet doen om uit te vind of u silikose of TB opgedoen het, en hoe om vergoeding te eis as u daarop geregtig is.



U kan slegs vergoeding eis as u met 'n beroepslongsiekte gesertifiseer word.

In hierdie dokument bespreek ons die volgende vier stappe:



Wees versigtig. Niemand mag u vra om vir vorms of help te betaal nie.
Lees bykomende besonderhede hieroor op bladsy 6

STAP 1

Stel vas of daar 'n beroeps-longsiekte teenwoordig is

As u vermoed dat u of iemand anders wat u ken 'n longsiekte opgedoen het en as u of daardie persoon by 'n myn werk of gewerk het, is 'n mediese ondersoek die eerste ding wat u moet doen.

Hierdie spesiale ondersoek word 'n "Voordeel Mediese Onderzoek" (VMO) genoem en moet deur een van die volgende uitgevoer word:

'n Hospitaal of kliniek by die myn waar u werk of gewerk het

Die Mediese Buro vir Beroepsiektes (MBOD)

Eenstop-dienssentrums


Ingekontraakteerde staatshospitale en dokters



Wanneer u die VMO gaan doen, moet u onthou om 'n afskrif van u ID en enige dokumente wat besonderhede oor u indiensnemingsgeskiedenis (arbeidsgeskiedenis) toon, saam met u te neem. Onthou ook dat elke mynwerker, en elke persoon wat in die myne gewerk het, daarop geregtig is om elke twee jaar 'n gratis VMO te kry (as u na die aangewese sentrums, hospitale of dokters gaan).

U moet onthou om die volgende dokumente vir die ondersoek saam met u te neem:

- 'n Afskrif van u identiteitsdokument
- U diensrekord
 - Die diensrekord kan enige van die volgende wees (u het net een nodig):
 - 'n TEBA-diensrekord wat deur die TEBA-beampte gestempel en onderteken is – by u plaaslike TEBA-kantoor; of
 - Diensrekord wat deur die werkgewer gestempel en onderteken is; of
 - Amptelike dokumente van die werkgewer met die besonderhede van u diens – die tydperk, begin- en einddatum en enige posisies wat u gedurende daardie tyd bekleed het.
- Enige mediese rekords – 'n kliniekaart, enige X-strale wat u laat doen het, of enige briewe van die hospitaal as u al ooit siek of beseer was.



STAP 2 WORD OP DIE VOLGENDE BLADSY BESPREEK

STAP 2

Dien alle dokumente vir sertifisering in

Wanneer u VMO afgehandel is, sal die mense wat dit gedoen het, die volgende inligting en dokumente aan die sertifiseringskomitee stuur:

Volledig ingevulde VMO-aansoek*	Afskrif van ID	Arbeids-geskiedenis	Kliniese geskiedenis
'n X-straalplaat van die bors	'n Longfunksietoets	Sputum-resultate**	Histologie- of mikroskopie-verslag***

* Sal deur die personeel voltooi word wanneer u die toets gaan laat doen

** As hulle vermoed dat daar ook TB teenwoordig is

*** Indien longkanker vermoed word

Die sertifiseringskomitee bestaan uit dokters wat deur die Minister van Gesondheid goedgekeur is, en hulle kyk na al die inligting ten einde te besluit of die persoon 'n vergoedbare beroepslongsiekte het.

Nadat die komitee u aansoek en die uitslag van u ondersoek nagegaan het, sal hulle die uitslae na die hospitaal of dokter wat u ondersoek het, terugstuur. Die dokter sal u vra om na die hospitaal terug te keer sodat iemand die besluit aan u kan verduidelik.



As u met Fase 1- of Fase 2-silikose gesertifiseer word, kan u met die vergoedingseisproses begin. Die dokter of verpleegsters kan u daarmee help. Vind by www.oldcollab.co.za/how-to-claim meer oor die vergoedingsproses uit of skakel die MBOD by 011 403 6322.

STAPPE 3 EN 4 WORD OP DIE VOLGENDE BLADSY BESPREEK



Nadat u gesertifiseer is as geregtig om te eis, is die proses wat u moet volg om vergoeding te eis soos volg:

STAP 3

As u vergoeding vir uself eis



- Kry al die vorms wat u nodig sal hê – dit kan by www.oldcollab.co.za/how-to-claim afgelaai word of by Menslike Hulpbronne/die kliniek by die myn, of die MBOD, die TEBA of die eenstopsentrums verkry word.
- Maak seker u het die korrekte **GW24/80**-vorm – daar is een vir silikose en een vir TB.
- Vul al die besonderhede op die **GW24/80**- en **GW24/17**-vorms in (maar moet dit nie teken nie). Neem dit saam met u ID en 'n afskrif van u ID na u naaste polisiekantoor. Die polisie moet u ID-afskrif en u handtekening op die **GW24/80**-vorm stempel en sertifiseer. Hulle moet u vingerafdrukke op die **GW24/17**-vorm afneem en dit ook stempel en teken.
- Neem die ingevulde, getekende **V47**-vorm na die bank en laat die bank dit stempel en teken. Kry ook 'n bankrekeningstaat wat deur die bank geteken en gestempel is. Heg die staat by die **V47**-vorm aan.
- Vind u diensrekord en salarisstrokie. Die diensrekord kan enige van die volgende wees (u het net een nodig):
 - 'n TEBA-diensrekord wat deur die TEBA-beampte gestempel en onderteken is – by u plaaslike TEBA-kantoor; of
 - Diensrekord wat deur die werkgewer gestempel en onderteken is; of
 - Amptelike dokumente van die werkgewer met die besonderhede van u diens – die tydperk, begin- en einddatum en enige posisies wat u gedurende daardie tyd beklee het.
- Die salarisstrokie
 - As u vir TB gesertifiseer is, moet die myn u verlies aan verdienste vir 'n tydperk van ses maande nadat u met TB gesertifiseer is, op bladsy 2 van die TB **GW24/80**-vorm bereken.
- Wanneer u al hierdie inligting het, kan u die eis indien.

STAP 4

Waar om die eis in te dien

Pos dit na Posbus 4584,
Johannesburg, 2000

Faks dit na 011 403 1346

Lewer dit by De Korte-straat
144, Braamfontein, 2000 af



VERGOEDING VIR GESTORWE MYNWERKERS WORD OP DIE VOLGENDE BLADSY BESPREEK

GESTORWE?

Vergoeding vir gestorwe mynwerkers met longkwale



U het hierdie inligting nodig as u wil uitvind oor hoe om vergoeding te eis vir 'n mynwerker of voormalige mynwerker wat gesterf het (en nie geëis het terwyl hy geleef het nie).



OM VERDERE INLIGTING TE KRY, SKAKEL:

Die Patologie-afdeling van die NIOH	011 712 6519
Die MBOD	011 712 6444
	011 403 6322

DIE NADOODSE ONDERSOEKPROSES

Voordat enige vergoedingsaansoek oorweeg kan word, moet die gestorwene se longe in 'n nadoodse ondersoek verwyder en vir ondersoek na Johannesburg gestuur word.

Dit moet so gou moontlik na afsterwe gebeur. Die longe kan slegs met die skriftelike toestemming van die gestorwe persoon se familie verwyder word en die ondersoek in Johannesburg sal nie uitgevoer word as die toestemmingsvorm nie ingevul is nie.

Die longe moet verwyder word voordat die begrafnis plaasvind – vra die hospitaal, die dokter, die kliniek of die begrafnisondernemer om te help om dit te reël. Die longe sal in 'n spesiale houer bewaar word.

Die volgende dokumente moet saam met die longe Johannesburg toe gestuur word:

- Toestemmingsvorm
- 'n Afskrif van die gestorwene se ID
- Die gestorwene se diensrekord, wat enige van die volgende kan wees (u het net een nodig):
 - 'n TEBA-diensrekord wat deur die TEBA-beampte gestempel en onderteken is – by die plaaslike TEBA-kantoor; of
 - Diensrekord wat deur die werkgewer gestempel en onderteken is; of
 - Amptelike dokumente van die werkgewer met die besonderhede van diens – die tydperk, begin- en einddatum en enige posisies wat die gestorwene gedurende daardie tyd beklee het.
- Enige mediese rekords – 'n kliniekaart, enige X-strale wat geneem was, of enige briewe van die hospitaal as die gestorwene al ooit siek of beseer was.

Die enigste geval waar die longe nie verwyder hoef te word nie, is as die gestorwene alreeds met 'n beroepslongsiekte gesertifiseer is voordat hy gesterf het. U MOET die sertifikaat besit wat dit bewys, anders sal die aansoek nie oorweeg word nie.


WAT GEBEUR VOLGENDE?

Wanneer die longe en dokumente in Johannesburg aankom, sal die dokters by die Nasionale Instituut vir Beroepsgesondheid (NIOH) die longe ondersoek om te kyk of daar tekens van beroepslongsiekte is. Die dokters sal dan 'n verslag vir die MBOD-sertifiseringskomitee skryf.

Die komitee sal hierna die verslag en al die ander dokumente bestudeer en besluit of die gestorwene 'n beroepslongsiekte gehad het en of hy vir vergoeding in aanmerking kom. Indien hy daarvoor in aanmerking kom, sal hulle 'n sertifikaat uitreik en dit vir prosessering aan die MBOD/CCOD stuur, en hulle sal u ook van die uitslag in kennis stel.

Indien die gestorwene vir vergoeding in aanmerking gekom het, sal u die volgende inligting aan die MBOD moet stuur sodat hulle die vergoeding kan prosesseer:

- 'n Afskrif van die amptelike doodsertifikaat.
- 'n Gesertifiseerde magtigingsbrief van die Landdroshof wat bevestig dat u die begunstigdes vir die gestorwene is.
- As u met die gestorwene getroud was, het u ook 'n afskrif van u huweliksertifikaat nodig.
- Elke begunstigde moet die voltooide en getekende V47-vorm neem en dit deur die bank laat stempel en teken. U moet ook 'n rekeningstaat kry wat deur die bank geteken en gestempel is. Heg die staat by vorm V47 aan.
- Vul al die besonderhede op die GW24/80- en GW24/17-vorms in (maar moet dit nie teken nie). Neem dit saam met u ID en 'n afskrif van u ID na u naaste polisiekantoor. Die polisie moet u ID-afskrif en u handtekening op die GW24/80-vorm stempel en sertifiseer. Hulle moet u vingerafdrukke op die GW24/17-vorm afneem en dit ook stempel en teken.
- Nou kan die eis ingedien word.

 **NEEM KENNIS VAN DIE WAARSKUWINGS WAT OP DIE VOLGENDE BLADSY BESPREEK WORD**

WAARSKUWING!

Wees versigtig.
Niemand mag
u vra om vir
vorms of help
te betaal nie.



1

Onthou, al die vorms wat u nodig het, is gratis – niemand kan u vra om daarvoor te betaal nie.

As u dit nie kan aflaai nie, kan u afskrifte by die volgende kry:

- Menslike Hulpbronne of die kliniek by die myne
- Die MBOD in Johannesburg
- Die eenstopsentrums

2

U behoort ook nie te moet betaal om u dokumente te laat sertifiseer of u vingerafdrukke deur die polisie te laat neem, of u dokumente by die bank te laat stempel nie.

3

U hoef niks te betaal wanneer u om vergoeding aansoek doen nie.

En u hoef nie vir die mediese ondersoek by 'n staats hospitaal of -kliniek te betaal nie, en ook nie by 'n privaat geneesheer wat deel is van die ooreenkoms met die regering om elke mynwerker een gratis mediese ondersoek elke twee jaar te gee nie. As u meer as een ondersoek binne twee jaar kry, moet u vir enige bykomende ondersoeke betaal.

WIE KAN HELP ?

1

DIE MBOD: 011 403 6322

2

MENSLIKE HULPBRONNE of die kliniek by u myn

3

Die eenstopsentrums by:

- **Carltonville**
- **Mthatha**
- **Kuruman**